# MONTANAPARK SELGROEP, 31 JANUARIE 2024

## DIE STRUKTUUR VAN DIE WOORD EN GOD SE PROGRESSIEWE OPENBARING AAN DIE MENS

Daar is twee uiteenlopende denkrigtings oor die studie van God se openbaring aan die mens:

- Verbondsteologie; en
- Dispensasieteologie.

## VERBONDSTEOLOGIE

Om dit baie eenvoudig te stel, is Verbondsteologie gebaseer op die aanname dat God een verbond het met beide Israel en die Kerk, en dat die Kerk vandag (die Nuwe Testament en daarna) grotendeels Israel (die Ou Testament) vervang het. Die beloftes van God se verbond met Israel word dus vandag verwesenlik in die Kerk. Daar word geen verdere onderskeid gemaak tussen Israel as God se volk en die Kerk nie. Die aanname is gebaseer op Romeine 11 wat aandui dat Israel en die Kerk één in Christus is. Alhoewel dit waar is, is Israel nog steeds ‘n nasie (“sy volk” – Rom 11:2). Die Kerk daarenteen, bestaan uit gelowiges uit verskillende nasies maar daar is nie ‘n nasionale identiteit soos met Israel die geval is nie.

Verbondsteologie sien net twee periodes: Wet (Israel) en Genade (Kerk), en hulle sal dikwels sê dat die woord “dispensasie” nie in die Bybel voorkom nie, ten einde die feit van die Dispensasieteologie te diskrediteer. Die woord verskyn egter vier keer in die KJV vertaling van die Bybel:

- 1 Korinthiërs 9:17
- Efesiërs 1:10
- Efesiërs 3:2
- Kolossense 1:25

Indien dit nie as sodanig in moderne vertalings verskyn nie, is dit die vertalers se skuld, nie die van die oorspronklike manuskrip nie.

Die Verbondsteologie allegoriseer alles. Dit beteken dat ons nie dit wat God sê, letterlik moet opneem nie, maar dat dit figuurlik bedoel word. Beloftes wat vir Israel bedoel is, word outomaties op die Kerk van toepassing gemaak. Ons moet baie versigtig wees om nie in die Verbondsteologie se strik te trap nie – ek hoor dikwels hoe daar tydens dienste en aanlyn Jeremia 29:11 aangehaal word:

> 11Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ’n hoopvolle toekoms te gee. – **Jeremia 29:11**

Dit klink baie mooi – ons is mos altyd vinnig om die positiewe dinge wat voorspel word, aan te gryp, maar die dele wat op ons verantwoordelikhede dui, word eerder wegsteek. Kyk egter mooi na die vers in konteks. Jeremia skryf ‘n brief vanuit Jerusalem (‘n spesifieke stad) aan die Jode (‘n spesifieke nasie) wie ballinge (‘n spesifieke gebeurtenis) in Babel (‘n spesifieke land) is. Lees vanaf vers 1 tot by vers 10 en kyk na die opdragte wat Hy gee: bou, woon, plant, eet, neem, verwek, gee, vermenigvuldig, soek, en bid. Hierdie is sy opdrag aan die ballinge om daar waar hulle is, voor te gaan en die volk uit te brei, met die oog op hulle terugkeer. Daar is niks hier wat na die Kerk kan verwys nie. Ons kan dus nie

Jeremia 29:11 gebruik om ons eie omstandighede te verduidelik, of iets daaruit te neem nie. Doen ons dit, is ons juis besig om die teks te allegoriseer. Ek weet dat die Here beslis wil hê dat ek en jy in vrede moet leef en ‘n hoopvolle toekoms moet hê. Om egter hierdie teks te gebruik, is om dit ver buite sy oorspronklike konteks aan te wend.

Een van die temas wat die groep aangevra het, is hoe om die Ou Testament en Nuwe Testament korrek te lees. Ons gaan beslis hieraan aandag gee, in die lig van bogenoemde teksvers(e).

Aanhangers van die Verbondsteologie is hoofsaaklik die Gereformeerdes, Presbiteriane, Anglikane, en Lutherane.

**DISPENSASIETEOLOGIE**

Dispensasieteologie (ook genoem Dispensasionalisme) is gebaseer op die duidelike onderskeid tussen Israel as God se verbondsvolk en ‘n fisiese nasie (met ‘n land en ‘n tempel), en die Kerk as ‘n geestelike instelling. Hierdie siening sien die verskil tussen Israel, wie vanweë hulle ongeloof tersyde gestel is (Rom 11:25-26), en die Kerk, wat sy wortels in Israel het. Israel en die Kerk word gesien as twee unieke identiteite, met wie God op verskillende maniere en op verskillende tye te werk gaan. Indien ons Romeine 11 mooi lees sien ons dat:

- God nooit sy volk (Israel) verstoot het nie (Rom 11:2);
- wat Israel gesoek het, hy nie gekry het nie, terwyl die Kerk dit ontvang het (Rom 11:7);
- deur Israel se val het die heidene ook toegang tot die saligheid gekry (Rom 11:11);
- die Kerk by Israel ingeënt is (Rom 11:16-24);
- die verharding ten dele oor Israel gekom het sodat die Kerkperiode kan afspeel (Rom 11:25); en
- die hele Israel as nasie in die toekoms gered sal word (Rom 11:26).

Verder sien die Dispensasieteologie hoe God op verskillende maniere met die twee groepe werk, en ook in verskillende tye. Dispensasieteologie is ‘n Goddelik-geïnspireerde en beplande opvolging van gebeure. In sy boek, *The Expository Dictionary of New Testament Words*, noem WE Vine (Vine, 1996) dat ‘n dispensasie nie noodwendig ‘n epog van ‘n spesifieke tyd is nie, maar ‘n wyse of administrasie hoe God met die mens werk. Ryrie noem dat ‘n dispensasie ‘n definieerbare ekonomie in die verwesenliking van God se doel is (Ryrie, 1965). Dispensasieteologie ondersteun ook ‘n letterlike interpretasie van die Woord, waar dit logies is, tot op die punt waar dit nie moontlik is dat dit letterlik geïnterpreteer word nie. Hier is ‘n voorbeeld:

> [18]En ek het op die sand van die see gaan staan. [1]En ek het ’n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ’n naam van godslastering. – **Openbaring 12:18-13:1**

In hierdie konteks beteken dit nie dat Johannes letterlik op ‘n strand, dalk op Patmos waar hy in aanhouding was, gestaan het en dat ‘n dier uit die Egeïese See gestap het nie. Dit is eenvoudig nie logies nie, en dit is nie bedoel om letterlik te wees nie. Ons praat dikwels in moderne Afrikaans van ‘n “see van mense” en dan het dit niks met seewater en branders te doen nie. Wat Johannes hier bedoel, is dat die “dier” wat hy sien, vanuit ‘n groep mense kom. Dit is ‘n allegoriese interpretasie.

Die woord “dispensasie” is ‘n vertaling van die Griekse woord οἰκονομία (oikonomia) wat in die Nuwe Testament gevind word. Ons ken dit as die Engelse woord “economy” en die Afrikaanse woord “ekonomie”. Vanuit hierdie woord kry ons weer die woorde of frases bestuur, rigting, regulering,

administrasie, bestuursbeginsels, rangskikking, rentmeesterskap, en dispensasie. Ryrie noem dat God die geskiedenis van die mens bestuur, en op die regte tyd die regte oplossing bied vir ‘n spesifieke situasie.

‘n Dispensasie is ‘n tydvak of bedeling van optrede op ‘n sekere manier. Dispensasieteologie sien sewe tot agt tydvakke, waarin God Homself in elke dispensasie meer aan die mens openbaar.

Dispensasieteologie word voorgestaan deur die nie-denominele groepe, Baptiste, Pinkster groepe soos die AGS (Doxa Deo het sy wortels in die AGS) en die VEK, en Charismatiese groepe. Ons studie van God se progressiewe openbaring aan die mens is gebaseer op die dispensasies, of tydvakke. Let daarop dat selfs binne die groepe wie Dispensasieteologie voorstaan, daar verskillende opinies gaan wees.


Die belangrikste om te verstaan van die dispensasies is dat die Kerkperiode, ook die dispensasie van genade genoem, die een is waarin God direk met alle mense (Eng: *gentiles*) werk ten einde hulle die geleentheid te gee om tot redding in Jesus Christus te kom. Dit sluit ook enige persoon in wat met Israel identifiseer, selfs ‘n Jood, en tot die geloof in Jesus Christus kom om gered te word.

Gedurende hierdie dispensasie staan Israel as’t ware langs die kantlyn en wag vir die koms van die Verlosser uit Sion (Rom 11:26). Wanneer die Messias, Jesus Christus, terugkom na die aarde, kom Hy om die Messias vir Israel te wees, soos wat alreeds in die Ou Testament belowe is, vir 1000 jaar. Dit is hier waar baie indiwidue en denominasies ‘n probleem mee het. Die Verbondsteologie verwerp dit omdat hulle van mening is dat die Kerk vir Israel vervang het. Van binne die geledere van die Dispensasieteologie is daar diegene wie nie met die tydvakke saamstem nie.

Ons gebruik dikwels die woord “bedeling(s)” wanneer ons eintlik na dispensasies moet verwys. Wat is 'n bedeling? In God se openbaring van Homself aan die mensdom, gebruik Hy duidelike maniere waarop Hy met die mens werk. In elkeen openbaar Hy progressief meer van Homself. Dit word ook progressiewe openbaring genoem.


'n Bedeling is 'n regerings bevel, 'n stelsel wat gevolg moet word, of die organisasie van 'n spesifieke tydperk. Die Bybel definieer sewe bedelings, alhoewel daar sommige geleerdes is wat agt (wanneer hulle die Verdrukkings tydperk as 'n duidelike bedeling sien), of selfs nege (wanneer hulle die gebeure in die hemel ná die duisendjarige aardse koninkryk as 'n laaste bedeling sien). Ons sien nooit regtig dat die Bybel die einde van een en die begin van die volgende dispensasie spesifiek aandui nie. Dit word gesien in die interpretasie van die Woord as geheel. Die studie van die bedelings word Dispensasieleer genoem.

Neem asseblief kennis dat die inligting hieronder nie gegee is om 'n volledige beskrywing van die verskillende bedelings te wees nie. Dit is bloot bedoel om die vraag te beantwoord oor wat dispensasies is, en hoe hierdie dispensasies in die Bybel geopenbaar word. Om dispensasies te verstaan, laat ons toe om God se ongelooflike plan vir die mens te sien, wat uitloop op die heerskappy van Jesus Christus op Aarde as die Messias waarna die nasie Israel deur die afgelope eeue smag. Dit gaan deur die stadiums van onskuld waarin teokratiese heerskappy geheers het; onskuld verlore; menslike prestasie (of die gebrek daaraan); tot die terugkeer van teokratiese heerskappy. Kom ons kyk eers hoe dit visueel voorgestel kan word. Hier word sewe dispensasies geïdentifiseer:




Geneem uit: https://medium.com/@davidblynov/dispensationalism-vs-covenant-theology-512950dd6c31.

Ons kan dit ook as volg voorstel, waar die einde van elke dispensasie in blou, onder die lyn, aangedui word. Hier word agt dispensasies geïdentifiseer:




Geneem uit: https://www.thebookwurm.com/rdwt-2.htm.

## ONSKULD

Die eerste bedeling, die bedeling van onskuld, sluit alle geskiedenis vanaf Genesis 1:28 (die skepping van die mens) tot Genesis 3:24 in. In hierdie tyd, met die afwesigheid van sonde, was daar geen twis van enige aard nie, en die belangrikste, geen dood nie. Die skepping was perfek. Die mens kon doen wat hy wou, met die een uitsondering dat hy nie van die boom van die kennis van goed en kwaad moes eet nie. As gevolg van die eerste misleiding het die duiwel, in die vorm van 'n slang, Eva bedrieg om

van die boom te neem en te eet, en sy het op haar beurt die vrugte aan Adam gegee. Noudat albei gesondig het, het hulle bewus geword van hul naaktheid. Die gevolg was dat hulle uit die tuin verdryf is en so 'n lewe na die sondeval begin het.

Begin: Genesis 1:28

Einde: Genesis 3:24

**GEWETE**

Nadat hulle uit die tuin verdryf is, het die volgende bedeling begin, die bedeling van die gewete. Waar die mens in die vorige bedeling nie skaam was vir homself nie, was hy nou baie bewus van sy gevalle toestand. Hy moes nou homself regeer deur sy gewete en sy wil. Hy moes werk en het moeite ervaar. Albei het geweldige tekortkominge gehad. Sonder God se volmaakte beplanning en ingryping het hulle pogings die hele tyd misluk. Dit het geleidelik erger geword en met die vloed geëindig, in Genesis 8:22.

Bybels strek hierdie bedeling van Genesis 4:1 tot Genesis 8:22. Ons merk op dat God in hierdie bedeling bedroef was dat Hy die mens gemaak het weens hulle bose weë. Nog erger, as gevolg van die sondeval het seksuele sonde algemeen geword. Selfs vandag het ons op geen manier gevorder nie en seksuele sonde het een van die beste wapens geword wat die bedrieër gebruik om ons te ontspoor. In hierdie tyd het gevalle engele gemeenskap gehad met vroue en hul nageslag reuse genoem, die Nefilim, soos aangedui in Genesis 6:1. Op die ou end het God besluit om dit alles met die Vloed te beëindig, en alle lewe op aarde doodgemaak behalwe vir Noag en sy gesin, en die keuse van wesens wat in die ark toegelaat word. Nadat hulle uit die ark uitgegaan het, het Noag 'n brandoffer voorberei wat die Here behaag het.

Begin: Genesis 4:1

Einde: Genesis 8:24

**MENSLIKE REGERING**

Het enige vorm van menslike regering al ooit langtermyn sukses opgelewer? As ons om ons kyk, het dit beslis nog nooit gebeur nie. In die derde bedeling het God 'n belofte aan die oorlewendes van die vloed gemaak dat Hy nooit weer die aarde met water sal vernietig nie. Hy het ook 'n toekoms belowe waar sy mense in harmonie sou lewe. Daar is 'n paar definitiewe veranderinge wat in hierdie bedeling plaasgevind het, een daarvan was dat die mens vir die eerste keer toegelaat is om vleis te eet. Daarby is die doodstraf ingestel. In plaas daarvan om die aarde te vul (te versprei) soos God hulle opdrag gegee het, het die mensdom besluit om eerder saam te groepeer en 'n toring te bou as 'n uitdagende gebaar van solidariteit teen die Skepper. Dit is opgeteken in Genesis 11:1. In 'n taamlik humoristiese wending het God hulle tale verwar, hulle met mekaar geargumenteer, die toring was nooit voltooi nie, en die resultaat was 'n gedwonge skeiding en verspreiding om nuwe kulture te vorm.

Begin: Genesis 8:15

Einde: Genesis 11:32

**BELOFTE**

Die bedeling van menslike regering sou beslis misluk, en dit het geduur tot die roeping van Abraham, wat die vierde bedeling begin het. God het Abraham geroep en belowe dat Hy hom 'n groot nasie sou maak. Die lewens van die drie aartsvaders, Abraham, Isak, en Jakob, staan sentraal in hierdie bedeling. Op 'n manier kan hierdie bedeling in twee dele geskei word. Die eerste deel is uit die roeping van Abram om die land van die Chaldeërs te verlaat. Dit gaan voort deur die lewens van Isak en Jakob. Sodra Jakob Egipte bereik, begin die tweede deel, wat 'n tydperk van sowat 430 jaar was. God het aan Abraham belowe dat Hy vir hom sy eie land sou gee om in te woon. Dit word gevind in Genesis 12:1. Die belofte is vervul toe hulle Egipte verlaat het, die woestyn in, en 'n 40-jaar swerftog voordat hulle die beloofde land bereik het.

Begin: Genesis 12:1

Einde: Eksodus 12:37 (Ongeveer, aangesien hierdie die punt was waar hulle Egipte verlaat hê. Die gee van die wet in volg in Eksodus 20:1.)

**WET**

God het die wet aan Moses in die woestyn gegee (Eksodus 20). Sowat 1500 jaar later sou Jesus Christus gekruisig word. Gedurende hierdie tyd as die vyfde bedeling, sou God se wet die mensdom lei om die regte ding te doen, as hulle net gehoorsaam sou wees. Vanaf die tyd dat die wet gegee is, is byna die hele Ou Testament aan die wet gewy. Die intog in Kanaän en die verowering van die stamme wat daar woon, die rigters, die konings, die profete – al hierdie geskiedenis val binne hierdie tydperk. Ten spyte daarvan dat daar goeie mense was wat probeer het om die wet te gehoorsaam, kon die wet op sigself niemand tot geregtigheid lei nie en het daartoe gelei dat die Verlosser van die wêreld gestuur moes word.

Let daarop dat die bedeling van die wet tot in die Nuwe Testament voortgeduur het as ‘n transformasie, aangesien groot dele van die evangelies handel oor die Mosaïese wet en die teenwoordigheid van Jesus Christus om 'n nuwe weg te wys en om die offerlam te wees, uitgebeeld toe Israel Egipte verlaat het en die bloed op die deurposte sodat die doodsengel by hulle verby kan gaan.

Begin: Eksodus 12:38

Einde: Matthéüs 28:6; Markus 16:6; Lukas 24:6; en Johannes 20:14

**GENADE**

Die sesde bedeling, dié van genade, het begin met die opstanding van Jesus Christus en duur tot vandag toe. Dit word ook die nuwe verbond genoem waarin ons verlossing deur sy bloed het. Aangesien ons tans in hierdie bedeling is, weet ons nie op watter spesifieke tyd dit sal eindig nie, behalwe om te weet dat dit eindig met die wegraping, die gebeurtenis waarin alle gelowiges in Jesus Christus, hetsy tans lewend of reeds verby, verander word en na die hemel geneem word. Sodra die bedeling van genade die einde nader, begin die sewe jaar tydperk van verdrukking. Dit is hoofsaaklik daarop gemik om Israel te herstel, maar met groot gevaar en 'n oorlog soos dit nog nie voorheen ervaar is nie.

Daar is sommige wat die sewe jaar verdrukking as 'n bedeling van sy eie wil klassifiseer. Ons is van mening dat dit deel is van die bedeling van genade strek tot in die verdrukkings tydperk, aangesien die

mens in hierdie tyd nog die kans sal hê om te bekeer en gered te word, wat die genade van God uitbrei deur sy Seun, Jesus Christus.

Begin: Matthéüs 28:6; Markus 16:6; Lukas 24:6; en Johannes 20:14 (Gegrond op die skrywers se verslag van die opstanding en die punt waar die engel aangekondig het dat Jesus uit die dood opgestaan het.). Daar is ook twee ander sieninge, een dat die Genade dispensasie in Handelinge 2 begin het met Petrus se toespraak om bekering en bekering. Die ander, Ultra Dispensionalisme, is dat dit eintlik begin het met Paulus se bekering in Handelinge 9, en dat hy primêr vir die verspreiding van die evangelie verantwoordelik was. Hoe ook al, die Genade dispensasie verteenwoordig die periode waarin God alle mense die geleentheid tot redding gee.

Einde: Aangedui en aanvaar deur baie skrywers: Johannes 14:6; 1 Korinthiërs 15:51; 1 Thessalonicense 4:16; Titus 2:13, maar Dake dui dit aan as Opg 19:11 – die Koms van Jesus Christus om die Millennium in te lei.

**DIE VERDRUKKING**

Indien ons die verdrukking van sewe jaar as 'n aparte dispensasie sien, dan begin dit na die wegraping van die Kerk aan die einde van die genade bedeling (die datum waarvan ons nie kan bepaal nie) en spesifiek vanaf Opg 6:1, en eindig dit met die Koms van Jesus Christus in Opg 19:11. Daar is diegene wie gladnie saamstem met die idee van die wegraping nie omdat "die woord wegraping nie in die Bybel voorkom nie". Dit is die swakste denkbare verskoning wat jy kan gee om jou onkunde te probeer wegsteek. Ons gaan hierdie tema nog in baie meer besonderhede bestudeer.

**DIE MILLENNIUM**

Sodra Jesus Christus na die aarde terugkeer om uiteindelik sonde uit te roei, en menslike regering beëindig, verslaan Hy die magte van die Antichris. Hy neem menslike regering oor en vir 'n tydperk van 1000 jaar heers Hy op Aarde as die Koning wat die volk Israel altyd wou gehad het, en nodig het. Nadat die 1000 jaar koninkryk geëindig het, vind die finale oordeel plaas, en begin die ewigheid.

Begin: Openbaring 20:1; Openbaring 20:4

Einde: Openbaring 20:15

**SLOTSOM**

Daar is ietwat variasie vir die begin en einde van die dispensasies en daar mag tyd verloop tussen twee dispensasies. Byvoorbeeld, die einde van die bedeling van die Belofte van 'n eie land word gesien as daardie oomblik toe die volk Egipte verlaat het (Ex 12:37) maar die Wet is eers 'n ruk later gegee (Ex 20).

Hier is ook 'n interessante gedagte: Indien jy glo in die wegraping van die Kerk, en dit aan die hand van Openbaring 2-3 lees, is dit duidelik dat die Kerk vanaf Opg 4:1 nie meer op aarde is nie. Dit beteken egter nie dat die Verdrukking onmiddellik begin nie. Daar is gebeure wat Johannes beskryf wat in die hemel plaasvind, en vir 'n periode aangaan voordat die eerste ses seëls oopgemaak word in Opg 6:1. Eskatoloë beskou dit as die begin van die Verdrukking.

Soos jy die inligting lees, kan jy God se plan vir die mens in elke opeenvolgende stadium sien ontvou. Die mens het bewys dat hy nie self kan regeer nie. Israel het 'n Verlosser en 'n Koning nodig, en die

sewe-jaar verdrukking berei die weg voor vir Jesus om terug te keer, die vyand te verslaan, en sy duisendjarige koninkryk vir Israel op te rig. Die Bybel was nog altyd oor God se volk, Israel. Wat dan van alle ander mense wie nie as Israel klassifiseer nie? Vir hulle is daar die dispensasie van genade, maar wat baie vinnig besig is om uit te loop. Ons het nie tyd om te mors nie, om die boodskap by almal uit te kry.

## BIBLIOGRAFIE

Ryrie, C., 1965. Dispensationalism Today. 1st Edition red. s.l.:Moody Press.
Vine, W., 1996. The Expository Dictionary of New Tesament Words. Nashville: Thomas Nelson Publishers.